



FASILITEITSBESTUUR
SEKURITEITSGIDS

FASILITEITSBESTUUR
SEKURITEITSGIDS



KAMPUSSEKURITEIT - VEILIGHEIDSGIDS

Stellenbosch Universiteit is 'n dorpskampus waar die kampus en omliggende woonbuurte verweef is sonder mure, grense of heinings. Dit skep 'n gevoel van toeganklikheid, maar het ook daartoe gelei dat die kampus 'n gesogde adres vir misdadigers geword het. Hierdie gids bevat wenke en advies insake **veiligheid** en **sekuriteit**.

Die Universiteit se verbintenis

Die US, tesame met haar vennote in misdaadbesteding en die kampusgemeenskap in geheel, is medeverantwoordelik vir kampussekuriteit. Alhoewel die US nie 'n wetstoepassingsagentskap is nie en nie die verantwoordelikheid vir veiligheid en misdaadbesteding by die SAPD oorneem nie, lewer die US 'n aktiewe bydrae in die vorm van sekuriteitsdienste op die US-kampusse.

Jou verantwoordelikheid

Veiligheid en sekuriteit is 'n gedeelde verantwoordelikheid. Elke individu geniet vryheid van beweging en van keuse, maar is self verantwoordelik vir die uitkomst wat dit tot gevolg het.

Die SAPD en Kampussekuriteit kan nie individue ten alle tye oppas waar hulle hul bevind nie.

Jy moet dus oordeelkundig wees oor jou keuses, want dit beïnvloed jou persoonlike veiligheid.

Indien jy jouself blootstel deur jou persoon of eiendom op risiko te plaas, doen jy dit op eie verantwoordelikheid.

ALGEMENE INLIGTING

Wie is Kampussekuriteit

Kampussekuriteit is 'n diensafdeling binne die US Fasiliteitsbestuur omgewing wat 'n aktiewe bydrae lewer tot misdaadvoorkoming en sekuriteit op die US kampusse.

Sekuriteit

Voorkoming van misdaad en beste praktyk optredes teen die misdaad misdaadbedreiging.

Sekuriteitsmaatreëls fokus op voorkoming van diefstal, betreding, aanranding, roof en ander tipes misdade.

Veiligheid

Fisiese veiligheid in die werk- en woonplek.

Veiligheid verwys na die voorkoming van beserings, noodhulp, brandvoorkoming en soortgelyke insidente soos by die induksie vermeld.

Kampussekuriteit
Noodnommer
021-808-2333

MEDIESE NOODNOMMERS

Kampusgesondheidsdienste – 021 808 3496

Stellenbosch Medi-Clinic – 021 861 2000

Stellenbosch Hospitaal - 021 883-3444

Wes-Kaapse Ambulansdiens – 021 937 0500

MISDAAD-NOODNOMMERS

SAPD Blitspatrolie – 10111

SAPD Stellenbosch Nood – 021 809 5015

SAPD Stellenbosch Navrae – 021 809 5000

US Krisisdiens – 082 5566558

Persoonlike probleme en spanning

Kampuslewe kan baie stresvol wees as jy nie genoeg rus, ontspan, oefen en eet nie. Sport is 'n goeie manier om te ontspan en stres te verlig. Skakel Krisisdiens vir professionele hulp en bystand.

ONDERSTEUNENDE ROLLE

Jou koshuis of departement se rol en verantwoordelikhede

Kampussekuriteit lewer 'n ondersteunende diens binne US geboue. Die departementele voorsitter, gebouhoof of inwonende hoof is verantwoordelik vir die daarstelling, kommunikasie en afdwing van reëls en prosedures om veiligheid en sekuriteit in geboue te bestuur.

Die rol van die Advieskomitee vir Studentesekuriteit (AKSS)

Die AKSS is 'n onafhanklike studentekomitee onder die vaandel van die Studenteraad (SR), wat in oorleg met die SR en die Primkomitee, insae het en insette lewer aan Kampussekuriteit insake sekuriteitsverwante aangeleenthede.

Die rol van die Monitoring en Advieskomitee oor Misdad (MACC)

Die MACC is 'n skakelkomitee onder voorsitterskap van die Viserektor Gemeenskapsinteraksie en Personeel (GIP), wat bestaan uit verteenwoordigers van die US, SAPD, Munisipale Wetstoepassing, Verkeersafdeling en Landroshof. Die MACC het ten doel om samewerking en ondersteuning tussen die verskillende misdadbetryding rolspelers te bevorder.

Die rol en gesag van die SA Polisediens (SAPD)

Die SAPD is die owerheid wat uitvoering gee aan die staat se verantwoordelikheid om wet en orde te handhaaf. Die SAPD het ook wetstoepassing jurisdiksie op US-grondgebied. Dit impliseer dat die SAPD die reg het om die kampus en geboue op die kampus te betree in die uitvoering van hul amptelike pligte. Kampussekuriteit steun die SAPD in die uitvoering van hul pligte.

Die rol van die US Sekuriteitsforum (USSF)

Die USSF is 'n forum met senior bestuurslui vanuit verskeie US omgewings wat Fasiliteitsbestuur adviseer oor die toepassing en deurlopende vernuwing van die US se oorhoofse sekuriteitsstrategie.

Kampussekuriteit sal namens jou die SAPD, Ambulansdiens en/of ander nooddienste op jou versoek ontbied maar is nie verantwoordelik vir die SAPD of ander nooddienste se reaksietyd nie.

Kampussekuriteit sal die SAPD telefonies verwittig maar slegs die direkte slagoffer van 'n misdad kan 'n formele klag en verklaring oor die insident by die SAPD aflê.

BESERINGSPROSEDURES

In die koshuis

Koshuisdiens-koördineringsbeamptes is opgelei om noodhulp toe te pas.

Dié opgeleide noodhelpers het toegang tot die koshuis se noodhulpkissies wat by die inwonende hoof se kantoor, by die primarius/primaria en in die kombuis gemonteer is.

Gedurende die dag, wanneer meeste studente gewoonlik by klasse is, moet KGD gekontak word vir noodhulp en mediese bystand.

Besering in 'n lesingsaal

Akademiese- en steundiensgeboue het 'n aantal personeellede wat opgelei is om noodhulp toe te pas.

Stuur iemand na die naaste sekretaresse of kantoor om die noodhelper, KGD en 'n ambulans te ontbied.

FB se Eenstopdienssentrum kan ook versoek word om 'n ambulans en ander nooddienste te ontbied.

Besering op die kampus of sportgronde

Skakel die FB Eenstopdienssentrum om 'n ambulans te ontbied. Indien die beseerde naby 'n akademiese gebou is, stuur om omstaander om die gebou se noodhelper te ontbied.

Beserings op die sportgronde moet by die gimnasium of klubhuis of by die naaste US-kantoor (ander sportgronde) aangemeld word.

Besering in die dorp of enige ander plek in Stellenbosch

Skakel die Wes-Kaapse Ambulansdiensoproepsentrum of alternatiewelik die Stellenbosch Ambulansdiens.



Aansteeklike siektes

Enige aanduidings wat dui op 'n aansteeklike siekte moet dadelik by KGD aangemeld word.

Naaldprik met gekontamineerde naald

Gesondheidswetenskappe-studente moet naaldprik-insidente dadelik by die dosent en departementele voorsitter aanmeld vir voorkomende behandeling en rekordhouding, ooreenkomstig die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se veiligheidsprosedure.

Veilige wegdoening met skerp voorwerpe

Waak daarteen om nooit skerp voorwerpe soos naalde, skeermeslemme of gebreekte glas in gewone vullisblikke te gooi nie. Draai die items in beskermende dekking toe om diegene wat vullishouers leegmaak te beskerm. Laboratoriums is toegerus met dromme vir die verwydering van gevaarlike afvalstowwe.


Elektriese skok

Skakel eers die kragtoevoer af. Moenie die persoon aanraak of skuif nie. Roep die naaste opgeleide noodhelpers om noodhulp te kom toepas. Rapporteer die insident dadelik by Fasiliteitsbestuur.

Rapportering van 'n werkplekbesering

Die mediese kostes voortspruitend uit 'n besering by die werkplek word deur die Ongevallekommissaris gedek indien 'n eis tydig en op die korrekte wyse ingedien en aanvaar word. Indien 'n personeelid by die werkplek in die uitvoering van sy/haar pligte beseer word, moet die mediese praktisyn wat die beseerde behandel in kennis gestel word dat dit 'n besering aan diens is. KGD moet gedurende werksure en Fasiliteitsbestuur na ure in kennis gestel word. In noodgevalle kan personeel by die plaaslike Medi-Clinic se ongevalle-afdeling behandeling ontvang, maar daar moet met opname aangedui word dat dit 'n besering aan diens is.

BRAND



Brandalarm

Meeste US-geboue is toegerus met 'n brandalarm wat in geval van 'n brand 'n harde sirene laat lui. Moenie nie 'n alarm ignoreer nie, ontruim die gebou. Die gebou se noodkoördineerder sal 'n aankondiging maak wanneer die gebou veilig is om te betree.

Brandblussers

Vergewis jou van waar die brandblussers in jou omgewing is. Indien 'n beheerbare vuur nog nie versprei het nie moet die naaste opgeleide brandspanlid dit probeer blus. Plaas die brandblusser op die grond voor daar gepoog word om die veiligheidspen uit te trek. Sodoende word die veiligheidspen nie deur die handvatsel vasgedruk nie.

Rook en vlamme

Indien jy rook ruik en/of vlamme sien is daar beslis 'n brand. Aktiveer dadelik die brandalarm deur die naaste rooi brandglasie in die gang te breek. Ontruim die gebou en neem jou draagbare waardevolle eiendom soos jou skootrekenaar en selfoon saam.

Brandvoorkoming

Maak dit jou plig om enige brandgevaar binne die geboue waar jy woon, werk of kuier aan 'n huiskomiteelid of veiligheidsvertegenwoordiger te rapporteer. Neem kennis dat alle US-geboue rookvrye sones is.

Beheerde toegang tot jou woon en werkplek

Toegang tot geboue word deur kaartleserdeure beheer en deur kringtelevisiekameras gemoniteer. Ten spyte van die stelsels word die sekuriteit en veiligheid van die kampusgemeenskap gereeld bedreig as ongemagtige mense die geboue betree. Elke persoon is self verantwoordelik om toe te sien dat sy woonplek en werkplek veilig is. Jou kantoor, sluitkas of koshuiskamer moet ten alle tye gesluit gehou word om diefstal te voorkom. Die US se goedgekeurde toegangsbeheerbeginsels en reëls, kan op die Fasiliteitsbestuur webblad verkry word. Jou bydrae tot toegangsbeheer is om ten alle tye jou identiteitskaart sigbaar te dra, geen persoon toe te laat om saam met jou deur kaartdeure te gaan nie, verdagte optrede dadelik aan te meld en aan jou gebou of koshuis se toegangsbeheermaatreëls gehoor te gee. Jy moet ook toesien dat jy besoekers die koshuis of gebou se toegangsbeheer reëls stiptelik nakom.

Gebruik van toegangsdeure tydens kragonderbrekings

Toegangsbeheerstelsels in US-geboue behoort tydens 'n kragonderbreking vir nagenoeg agt ure steeds normaal te werk danksy batteryrugsteunstelsels. Veiligheidskomitees moet toesien dat die batteryrugsteun vir toegangsbeheerstelsels werk deur die krag sporadies te laat ontkoppel en dan die stelsel te toets. Navrae of 'n versoek vir toetsing daarvan kan aan IT gerig word by 021 808 4367. As die batterye na agt ure pap is, behoort die deure oop te wees, sodat mense nie tydens lang kragonderbrekings in geboue vasgekeer word nie.

Wees oplettend!

Dit is belangrik dat jy altyd bewus is van veiligheid- en sekuriteitsrisiko's in jou direkte omgewing. As jy bedags en veral snags op straat of die kampus stap of fietsry, moet jy deurlopend bedag wees op mense rondom jou wat jou moontlik as 'n "sagte" teiken sien. Jy moet ook bewus wees van enige hoë-risiko fasiliteite waarin jy jouself blootstel, sodat jy voorbereid op enige gebeurlikheid is. Voorbeelde van hoë-risiko gedrag is om snags en veral in die aand alleen te loop, jou selfoon openlik in die straat te gebruik, waardevolle items by jou te dra, dit binne reikafstand van 'n oop venster te laat of dit in jou motor te laat. Bly op die hoogte van die weeklikse veiligheidswenke wat Kampussekuriteit op die nuusblog plaas.

Diefstal

Meeste misdaadinsidente in geboue kan aan gebrekkige toepassing van toegangsbeheer toegeskryf word. **Dis in jou beste belang om jou deur gesluit te hou, selfs al is jy binne. Maak die vensters toe as jy uitgaan sodat diewe nie waardevolle items deur 'n oop venster kan nadertrek nie.** Insidente in koshuise moet dadelik by die inwonende hoof, huiskomiteelid vir veiligheid aangemeld word.



Rapporteer ook die insident so spoedig moontlik by Kampussekuriteit. Jy gaan gevra word wat gesteel is, wanneer en waar dit gesteel is en beskrywings van moontlike verdagtes. Jy gaan ook gevra word vir die uitkenbare eienskappe van die items wat gesteel is. Indien die diefstal kort tevore plaasgevind het, kan spoedige rapportering en 'n goeie beskrywing lei tot 'n arrestasie. Jy sal aangeraai word om 'n kriminele klag en verklaring by die SAPD af te lê.

Inbraak

Moet aan niks raak nie. Sodoende sal die vingerafdrukke en ander forensiese bewyse op die misdaadtoneel nie versteur word nie. Rapporteer die insident so spoedig moontlik by Kampussekuriteit. Jy gaan gevra word waar en wanneer daar ingebreek is, hoe toegang verkry is, items wat gesteel is en beskrywings daarvan. Indien die insident kort tevore plaasgevind het, kan spoedige rapportering lei tot 'n arrestasie. Jy sal aangeraai word om 'n kriminele klag en verklaring by die SAPD af te lê.

Motordiefstal, poging tot motordiefstal en motor-inbraak

Moet aan niks raak nie. Sodoende sal die vingerafdrukke en ander forensiese bewyse op die misdaadtoneel nie versteur word nie. Rapporteer die insident so spoedig moontlik by Kampussekuriteit. Dui aan waar die insident plaasgevind het. In geval van diefstal, sal jy gevra word om die fabrikaat, kleur, registrasienommer en enige uitkenbare eienskappe van die motor te verskaf. Jy sal ook gevra word wanneer die motor vermoedelik gesteel is en of jy enige verdagtes gesien het. In geval van motor inbraak moet jy aandui wat gesteel is en 'n beskrywing daarvan gee.

DIEFSTAL

Indien die diefstal kort tevore plaasgevind het, kan spoedige rapportering en 'n goeie beskrywing deurslaggewend wees in 'n arrestasie. Jy sal aangeraai word om 'n kriminele klag en verklaring by die SAPD af te lê.

Die voorkoms van diefstal uit motors sal afneem as diewe nie telkens daarin slaag om waardevolle items uit motors te steel nie. Tans is diewe ses uit tien keer suksesvol om waardevolle items in motors te buit, en dus sal hulle aanhou om motors in parkeerareas te teiken. Verwyder dus waardevolle items uit motors en doen sodoende jou deel om diefstal uit motors op en om die kampus te voorkom.



Fietsdiefstal

Rapporteer die insident so spoedig moontlik by Kampussekuriteit. Jy gaan gevra word vir inligting soos die datum en tyd wanneer jou fiets gesteel is of laas gesien is, hoe die fiets gesluit was (U-slot, kabelslot, kettingslot), 'n beskrywing van jou fiets asook die plek waar dit gelaat was. Indien die diefstal kort tevore plaasgevind het, kan spoedige rapportering en 'n goeie beskrywing lei tot 'n arrestasie. Jy sal aangeraai word om 'n kriminele klag en verklaring by die SAPD af te lê.



Help die SAPD om fietsdiewe agter tralies te sit deur 'n unieke uitkenbare merk op jou fiets te laat. Registreer jou fiets by Kampussekuriteit of bring DataDot (www.datadot.co.za) uitkenningsmerke daarop aan sodat jy opgespoor kan word as die fiets gekry word.

Parkeer jou fiets in een van die kampus se beveiligde fietsloodse. Doen navraag by jou huiskomitee of by Fasiliteitsbestuur waar die fietsloodse naaste aan jou woon en werkplek is.

VEILIGHEID IN SPESIFIEKE AREAS

Veiligheid in Rekenaargebruikerareas (RGA's)

Rekenaars opsigself hou nie baie gevaar in nie, maar gee wel aanleiding tot baie risiko's. Jy kan onvervangbare werk verloor as jy nie rugsteun- ("backup") kopieë maak nie. Jy kan beseer word as iemand jou rekenaar wil steel. Jy kan blootgestel word aan teistering of identiteitsverwante risiko's indien jy op onveilige webwerwe swerf. Rekenaargebruikersareas word 24 uur per dag gebruik. Ten spyte van beheerde toegang en kringtelevisie is daar veiligheidsrisiko's, veral snags buite die RGA of as jy alleen in 'n RGA is. **Wees waaksaam en ingelig.**

Veiligheid in Laboratoriums

Daar is baie risiko's in 'n laboratorium wat wissel van storting van gevaarlike stowwe, kontaminasie deur gevaarlike afvalstowwe, gasontploffings, brande, skerpvoorwerp-beserings en naaldprikke. Laboratoriumveiligheid behoort ten alle tye prioriteit te aandag. Rapporteer risiko's of doen navraag oor veiligheid by die laboratoriumbestuurder. Bestudeer die laboratorium se veiligheidsbrosjyre, en pas dit nougeset toe.

Stoor van chemikalieë

Brandbare stowwe en gevaarlike chemikalieë moet nie saam in een stoor gestoor word nie. Daar moet afsonderlike en spesifieke stoorruimtes vir die verskillende gevaarlike stowwe ingerig word. Daar is voorskrifte en aanwysings wat gevolg moet word om stoorplekke waar brandstof en chemikalieë gestoor word, te beveilig. Rig navrae oor die verwante voorskrifte en wetgewing FB. Verseker dat rakke binne stoorkamers nie oorlaai word nie. Glas en swaar voorwerpe moet op die laer rakke gestoor word sodat dit maklik hanteer en opgetel kan word. Gebruik 'n stewige trapleer om by hoë rakke by te kom.

Chemiese kontaminasie

Rapporteer 'n chemiese storting by FB. Chemiese stowwe kan plofbaar of giftig wees. Ontruim die onmiddellike area, skeep en handhaaf 'n veilige afstand tussen jou en die stowwe, waarsku medestudente / kollegas, meld die insident by die laboratoriumbestuurder aan en voer sy of haar opdragte uit. Moenie chemiese stowwe met water bespuit of in die rioolstelsel laat beland nie, dit kan tot gevaarlike besoedeling lei.

VEILIGHEID IN SPESIFIEKE SITUASIES

Gaslekkasie

Rapporteer 'n gasreuk dadelik by die dosent, laboratorium-assistent en ook by Kampussekuriteit. Gee 'n goeie beskrywing van die area waar die gas geruik word. Moenie rook, 'n vuurhoutjie of aansteker gebruik nie. Stap 'n paar tree weg voor jy jou selfoon gebruik – selfoonseine kan moontlik 'n onstabiele omgewing affekteer. Moenie enige elektriese toerusting aanskakel nie en maak vensters oop om ventilasie te bevorder. Versoek die dosent of veiligheidskoördineerder om die sentrale lugversorging af te skakel sodat die gas nie deur die gebou versprei nie.

Ontploffing, hetsy gas, drukking of bomontploffings.

Ontruim die gebou op dieselfde wyse as wat dit tydens 'n brand of ontruimingsoefening. Verlaat die gebou of omgewing deur die naaste veilige uitgang. Neem persoonlike items soos jou skootrekenaar, selfoon en beursie saam. Verleen bystand aan mense wat hulp benodig. Wag by die versamelpunt vir verdere instruksies.

Hantering van swaar voorwerpe

Die hantering van swaar voorwerpe kan tot rugbeserings lei indien dit nie op die korrekte wyse opgetel of geskuif word nie. Indien swaar voorwerpe by trappe op- of afgedra word, kan dit tot ernstige beserings of selfs lewensverlies aanleiding gee indien jy jou balans verloor en val. Gasbottels, brandblussers en glasbottels is voorbeelde van swaar voorwerpe wat met sorg opgetel en gehanteer moet word. Skakel met die gebou se tegniese assistent of 'n ervare kollega vir raad en hulp met die hantering van swaar voorwerpe.

Watertoevoer onderbreking

Krane moet nooit tydens 'n wateronderbreking in die oop posisie gelaat word nie. Dit kan lei tot vermorsing, waterskade en selfs verspoelings as die kraan oopgelos word en die watertoevoer aangeskakel word. Rapporteer krag- en wateronderbrekings by Fasiliteitsbestuur se een-stop-dienssentrum.

Geraas

Geraas is steurend en kan tot konflik of dissiplinêre optrede teen geraasmakers lei. Rapporteer steurende geraas by jou dosent of departementshoof of inwonende hoof

Strukturele verswakking

In die onwaarskynlike geval dat groot krake in mure ontstaan, moet dit aan die omgewing se veiligheidskomiteevoorsitter gerapporteer word. Hy/sy sal besluit of die gebou ontruim moet word. Ongeag ontruiming of nie moet die verswakking aan Fasiliteitsbestuur gerapporteer word sodat hulle ondersoek na die strukturele veiligheid van die gebou ingestel kan word.

Verkragting

Rapporteer die insident so spoedig moontlik. Kampussekuriteit sal poog om die verdagtes aan te keer, die SAPD op jou versoek te ontbied, jou vergesel na die trauma-sentrum, polisiekantoor of hospitaal en die US Krisisdiens op jou versoek ontbied. Indien moontlik moet 'n goeie beskrywing van die verdagte/s gegee word. Moenie stort, bad of verklee voor die doktersondersoek afgehandel is nie! Die SAPD sal jou na die plaaslike distriksgeneesheer neem vir 'n mediese ondersoek en anti-vigsmedikasie. 'n Kriminele ondersoek sal deur die SAPD gedoen word.

Aanranding en/of Roof

Rapporteer die insident so spoedig moontlik by Kampussekuriteit. Jy gaan gevra word waar jy jou bevind, wat gebeur het, 'n beskrywing van die verdagtes en of jy mediese hulp benodig. 'n Goeie beskrywing van jou aanvaller verhoog die kans op 'n vinnige arrestasie. Jy sal aangeraai en bygestaan word om 'n kriminele klag en verklaring by die SAPD af te lê.

Teistering

Rapporteer fisieke, verbale, seksuele, elektroniese of enige ander vorm van teistering so spoedig moontlik by Kampussekuriteit. Kampussekuriteit sal die SAPD en die US Krisisdiens ontbied indien nodig. Jy sal ook na die SAPD of die US Ondersoekdienste verwys word

Verdagte optrede of verdagte persone

Rapporteer die insident so spoedig moontlik by Kampussekuriteit. 'n Goeie beskrywing van die verdagte/s se posisie, hul kleredrag en in watter rigting hulle loop/ry moet aan Kampussekuriteit deurgegee word.

Indien 'n verdagte persoon in 'n US gebou opgemerk word, moet hy/sy gevra word wat sy belang daar is en vermaan word om die area te verlaat indien hy/sy nie 'n sinvolle verduideliking vir sy/haar teenwoordigheid gee nie. Indien 'n persoon aggressief of gewapen voorkom of jou bedreig, moet jy hom/haar nie konfronteer nie.

Kampusgrense

Kampussekuriteit se gesag en jurisdiksie is tot die US-grondgebied beperk. Die heininglose kampus en publieke strate wat deur die kampus kruis, kompliseer die afbakening van die kampus. Baie studente woon en beweeg boonop buite kampusgrense. Kampussekuriteit poog om primêr dienste binne US-grondgebied te lewer, maar sal in noodgevallen of op meriete steun lewer in die area direk aangrensend tot die kampus. Dit is egter nie realisties om van Kampussekuriteit te verwag om oral te wees en op te tree teen bedreigings nie. Kontak Kampussekuriteit in geval van nood, maar skakel primêr die SAPD vir hulp buite kampusgrense. Dit blyk egter in die eerste plek jou eie verantwoordelikheid om jou veiligheid en sekuriteit binne en buite die kampusgrense te bestuur.

Parkeerareas

Daar is verskeie parkeerareas op kampus. Kampussekuriteit poog om die hele kampus te patroleer, maar 'n kampuswye poging is nodig om 'n verskil teen motorverwante insidente te maak. Doen navraag by die US parkeerkantoor by 021 808 3916 oor areas waar jy kan parkeer. Wees waaksaam as jy na of van afgesonderde parkeerareas stap en meld enige verdagte omstandighede dadelik by Kampussekuriteit aan

Vervoer

Probeer om in groepe te stap of sluit by 'n saamryklub aan, veral vir vervoer saans na en van die kampus. Vergewis jouself van die Matie Busdiens op kampus vir studente en gebruik die voertuie vir vervoer op kampus. Ongeag of jy alleen of in groepe beweeg, hou altyd jou selfverdediging-pepersproei, wat jy by enige apteek, in die Neelsie of deur jou huiskomitee koop byderhand vir ingeval iemand jou sou wou beroof. Studente wat van fietse en skaatsplanke gebruik maak, moet altyd 'n valhelm dra. Indien jy in die aande fietsry, maak seker dat daar 'n lig op jou fiets is en dra helder klere.

Huur-akkommodasie

Inligting en advies is beskikbaar by Neelsie Eiendomme in geval van privaat verblyf of US Behuisingsdienste in geval van US akkommodasie. Indien die woning gasvure, -verwarmers of -kookpotte het, moet jy van die risiko van koolstofmonoksiedvergiftiging bewus wees. Let op na gevaartekens soos ooglopend foutiewe bedrading, beskadigde kragproppe en ligskakelaars, oop drade en verkleurde kragpunte

Motorongeluk

Die mees algemene oorsake van motorongelukke is spoed, drankmisbruik, roekelose bestuur en gebrek aan bestuurservaring. Kies altyd 'n ervare bestuurder wat nugter is en die passasiers se veiligheid respekteer. Indien 'n motorongeluk plaasvind, geld die volgende prioriteite: (1) beveilig jouself deur uit die pad van aankomende verkeer te bly, (2) verleen hulp aan beseerdes, (3) waarsku aankomende verkeer, veral snags, (4) ontbied die hulp van nooddienste en (5) wees waaksaam. Indien enigiemand in die ongeluk ernstig beseer of gedood is, mag die voertuie nie geskuif word tensy in opdrag van 'n verkeer- of polisiebeampte nie. In geval van 'n geringe ongeluk sonder beserings of lewensverlies, moet die posisies van die motors aangeteken word waarna die motors uit die pad verwyder mag word. Die registrasienommer, identiteitsnommer, kontakbesonderhede en woonadres van die bestuurders van al die ander motors wat betrokke was, moet neergeskryf word alvorens jy die toneel verlaat. Indien moontlik, skryf self die lisensienommer en identiteitsnommer van die ander bestuurder neer. Rapporteer die ongeluk binne 72 uur by die naaste polisiestasie en ook binne drie dae by jou of jou ouers se versekeraar. Versamel ook die name en kontaknommers van ooggetuies voor jy die toneel verlaat.

Elektriese toebehore

Kragproppe moet nooit oorlaai word nie. Oorlading hou 'n brandrisiko in. Haardroërs, warmborsels en ander soortgelyke items moet afgeskakel en ontkoppel word voordat jy die vertrek verlaat. Elektriese toerusting soos verwarmers en kooktoestelle moet met sorg gebruik word deur die instruksies nougeset te volg. Dit moet ten alle tye weggehou word van vlambare stowwe. Let op die koshuisreëls om te bepaal watter toestelle in koshuise toegelaat word.

Kombuisveiligheid

Die gebruik van kragtoerusting om kos warm te maak, moet tot kombuisareas beperk word. Moenie kooktoestelle soos stowe, oonde, ketels en gasbraaiers aanskakel en dan die vertrek verlaat nie. Moet nooit water op warm vet of olie gooi nie. 'n Brand in die kombuis moet met 'n doelgemaakte brandkometers of nat kometers / duvet gesmoor word eerder as om water of ander vloeistowwe daarop te spuit. Verseker dat alle toestelle na gebruik afgeskakel is. Moet nooit skoonmaakmiddels in voedsel- en/of koelrankhouers stoor nie.

Vir verdere inligting, besoek Fasiliteitsbestuur se webblad by:

<http://www0.sun.ac.za/fasiliteitsbestuur/>

Navrae of voorstelle kan gerig word aan FB by 021 808 4666 or per e-pos aan fmhelpdesk@sun.ac.za